# FAKKEL-FLITSE

*Weeklikse nuusflitse vir 'n ingeligte Framesby -familie!*

Hoërskool Framesby
HANDHAAF EN BOU

**UITGAWE 340 · 17 MEI 2024**

Kontakbesonderhede: mediasentrum@framesby.co.za


## FRAMESBY TEEN DANIEL PIENAAR

Framesby vs HTS Daniel Pienaar
Rugbyuitslae:
14A 24 - 24 DP
14B 0 - 62 DP
14C 0 - 61 DP

15A 17 - 14 DP
15B 19 - 20 DP
15C 12 - 12 DP

16A 24 - 7 DP
16B 5 - 0 DP
16C 10 - 37 DP

4des 23 - 27 DP
3des 15 - 10 DP
2des 26 - 19 DP
1stes 47 - 19 DP











**HIERDIE WEEK SE FAKKEL-FLITSE WORD MET TROTS GEBORG DEUR:**
**SUNRIDGE VILLAGE**

# NETBAL*uitslae*

Hoërskool Framesby

HANDHAAF EN BOU

## KIDS4HOPE TOERNOOI - 11 - 12 MEI 2024

| Span | Teenstander | Telling | Uitslag |
|---|---|---|---|
| **o.14C/D** | Bethelsdorp | 4-3 | Wen |
| | BIMSA | 6-1 | Wen |
| | Springrose | 12-5 | Wen |
| | Attackers | 7-2 | Wen |
| | Dominators | 5-4 | Wen |
| | Black Vultures | 13-1 | Wen |
| | Lifestyle | 10-5 | Wen |
| | Algehele wenners in afdeling 13-14 Jaar oud | | |
| | Charniya Kotze o.14 Speler van die toernooi | | |
| **o.14E** | Sophokama | 1-3 | Verloor |
| | Siyaphakam | 4-2 | Wen |
| | Flying Eagles | 12-4 | Wen |
| | Chelsea Zwide | 6-5 | Verloor |
| | NAS School 2 | 14-4 | Wen |
| | Real Rovers | 6-2 | Wen |
| **o.14F** | Eagle Stars | 0-4 | Verloor |
| | Red City | 5-5 | Gelyk |
| | Black Vultures | 2-8 | Verloor |
| | Quno Stars | 10-5 | Wen |
| **o.15C** | Chatty Sec | 6-2 | Wen |
| | White City | 7-4 | Wen |
| | Red City | 1-9 | Verloor |
| | Amigos | 4-14 | Verloor |
| | Shooting Stars | 3-10 | Verloor |
| **o.15D** | 11 Attackers | 1-8 | Verloor |
| | Algoa Bay | 3-10 | Verloor |
| | BP Flying Eagles | 6-8 | Wen |
| | Siyaphakama AS | 10-4 | Wen |
| | Sophokama NC | 0-16 | Verloor |
| | Friendly City | 6-3 | Wen |














SUNRIDGE VILLAGE Centre Managment: 041 360 9442 SUNRIDGE VILLAGE Kragga Kamma Road, Sunridge Park SUNRIDGE VILLAGE GENERATED POWER 24/7

# MUSIKALE FEES OP HEMELVAARTDAG

Op Donderdagaand 9 Mei het die Musiekdepartement 'n musikale fees van klanke opgetower. Die aand is geopen met 'n kort boodskap vir Hemelvaartdag. Daarna het die gehoor hul verluister aan die soet klanke van die orkes, koor en vele soliste. Elkeen van die deelnemers het pragtig gespeel en gesing en kan trots wees op hul vertoning. Baie van die graad 8- en 9-leerders se eerste optrede voor 'n groot gehoor. Ons sien alreeds uit na volgende kwartaal se musiek-geleentheid.





Fantasia Koor het weer n optrede tydens die Musiekaand gehad. Dankie vir jul genotvolle sang!

Baie dankie aan al die volgende soliste:
Kate Gough -Glockenspiel
Zané Pieters
Megan Stopforth
Elné Havenga
Liana Serfontein
Marie-Louise Strydom
Lara Nell
Kayla Hayzel
Matthew Grebe



SUNRIDGE VILLAGE
Centre Managment:
041 360 9442
SUNRIDGE VILLAGE
Kragga Kamma Road,
Sunridge Park
SUNRIDGE VILLAGE
GENERATED POWER 24/7

# HOKKIE

| | vs | |
|---|---|---|
| 1ste Dogters | Union | Verloor 1-4 |
| 16a Dogters | Union | Wen 3-2 |
| 14a Dogters | Union | Gelyk 1-1 |
| 1ste Dogters | Volkskool | Wen 1-0 |
| 16a Dogters | Volkskool | Wen 2-1 |
| 14a Dogters | Volkskool 16b | Wen 2-0 |
| 16b Dogter | Linkside 16a | Wen 2-1 |
| 16c Dogters | Curro 16a | Verloor 1-2 |

# HENTIES PROMOSIEDAG BY FRAMESBY

Henties het op 15 Mei 2024 'n promosiedag by Framesby aangebied waar leerders al hul produkte kon proe. Daar was sap, gegeurde water, smoothies, gaskoeldrank en hul eie reeks melkies.











SUNRIDGE VILLAGE
Centre Managment:
041 360 9442
SUNRIDGE VILLAGE
Kragga Kamma Road,
Sunridge Park
SUNRIDGE VILLAGE
GENERATED POWER 24/7

# DENO EN MILLA VAAR UITSTEKEND BY NASIONALE TONEELKOMPETISIE

Proscenium is 'n nasionale toneelspelkompetisie wat uitdunne reg oor Suid-Afrika gehou het op soek na vars talent vir die vermaaklikheidsbedryf.. Op 16 Maart was dit die Oos-Kaap se beurt om uit te haal en te wys tydens die uitdunrondte in ons eie kultuursaal. Uit die 674 inskrywings was 2 van ons leerders, Milla van der Merwe en Ronaldinho Mcgear, gekies vir die top 60 leerders wat aan die finale rondtes in die Kaap deelgeneem het.
Van 8 tot 12 Mei het hul hul dae in die Kunstekaap deurgebring en Hoërskool Framesby se naam hoog gehou. Baie geluk met julle mooi prestasie – ons is trots op julle!







# UITSLAE:

Muurbal:
1stes speel gelykop 2-2 teen ETC



SUNRIDGE VILLAGE
Centre Managment: 041 360 9442
SUNRIDGE VILLAGE
Kragga Kamma Road, Sunridge Park
SUNRIDGE VILLAGE
GENERATED POWER 24/7

# *Hoërskool Framesby se*
# REKENINGKUNDE

## Die span wat tél



**M. DE JAGER**

**Ondervinding:**
42 jaar - by Framesby

**Merk-ondervinding:**
31 jaar as merker, waarvan 14 jaar as moderator was. (Merk en opstel)



**L. GERBER**

**Ondervinding:**
22 jaar - by Framesby



**J. DE JAGER**

**Ondervinding:**
37 jaar, waarvan 2 jaar by Framesby is

**Merk-ondervinding:**
15 jaar as merker, waarvan 12 jaar as senior merker was

## *101 jaar ondervinding*

**Deur die jare het Framesby se Rekeningkunde department verskeie geoktrooieerde rekenmeesters (CA's) opgelewer waarop ons baie trots is.**

# UIT DIE HOOF SE KANTOOR

Beste Ouers

Ek lig die volgende belangrike punte uit:

A) MEI/JUNIE-EKSAMEN – ALGEMENE REËLINGS
Neem kennis dat die eksamen op die volgende datums begin:

| | |
|---|---|
| Graad 10 – 12 | 16 Mei 2024 [Laaste dag vir graad 10 – 12 leerders is 15 Mei 2024] |
| Graad 8 – 9 | 23 Mei 2024 [Laaste dag vir graad 8 – 9 leerders is 22 Mei 2024] |

Graad 8 – 9:
• Graad 8 tree by die C-blok aan.
• Graad 9 tree by A-blok aan.

• EERSTE SESSIE:
• Graad 8-leerders word 07:30 deur toesighouer na skryflokaal geneem.
• Die skryfsessie begin om 08:00 en eindig volgens die lengte van die vraestel.
• Die leerders verdaag dan en gaan studeer verder by die huis.

• Graad 8's skryf in die volgende lokale:

| 8A | 8B | 8C | 8D | 8E | 8F | 8G | 8H | 8I | 8J |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| C1 | C2 | C3 | C4 | C5 | C6 | C7 | C8 | B1 | B2 |

• Graad 9's skryf in die volgende lokale:

| 9A | 9B | 9C | 9D | 9E | 9F | 9G | 9H | 9I |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| B3 | B4 | B5 | B6 | A1 | A2 | A3 | A4 | A5 |

DIGITALE TEGNOLOGIE:
GRAAD 8:
28 Mei 2024

• Die volgende seksies meld 07:30 by hul skryflokale (C1 – C5) aan en word om 07:45 deur die betrokke toesighouers na die rekenaarlaboratoriums geneem: 8A – 8E
Bogenoemde leerders lê tussen 08:00 en 09:30 hul Digitale Tegnologie prakties en teoretiese eksamenkomponent af en verdaag daarna.
• Die volgende seksies meld ook om 07:30 by hul skryflokale (C6 – B2) aan en sal dan eers 'n verpligte studiesessie van 08:00 – 09:30 hê: 8F – 8J
Bogenoemde leerders lê tussen 10:00 en 11:30 hul Digitale Tegnologie prakties en teoretiese eksamenkomponent af en verdaag daarna.

DIGITALE TEGNOLOGIE:
GRAAD 9:
3 Junie 2024

• Die volgende seksies meld 07:30 by hul skryflokale (B3 – A1) aan en word om 07:45 deur die betrokke toesighouers na die rekenaarlaboratoriums geneem:9A – 9E
Bogenoemde leerders lê tussen 08:00 en 09:30 hul Digitale Tegnologie prakties en teoretiese eksamenkomponent af en verdaag daarna.
• Die volgende seksies meld ook om 07:30 by hul skryflokale (A2 – A5) aan en sal dan eers 'n verpligte studiesessie van 08:00 – 09:30 hê: 9F – 9I
• Bogenoemde leerders lê tussen 09:30 en 11:30 hul Digitale Tegnologie prakties en teoretiese eksamenkomponent af en verdaag daarna.

Graad 10 - 11:
• Graad 10- en 11-leerders tree vir die eerste skryfsessie om 08:30 by hul skryflokale aan.
• Skryftyd begin om 09:00 en eindig volgens die lengte van die vraestel.
• Vir die tweede skryfsessie meld die leerders om 13:30 by hul lokale aan.
• Skryftyd begin om 14:00 en eindig volgens die lengte van die vraestel.
• Leerders wat die tweede sessie ook skryf, kan die skoolterrein verlaat en moet betyds terug wees om 13:30 by hul skryflokaal aan te meld.
• Graad 10-leerders skryf meestal in K. 2 – 9 en gr.11-leerders in K. 26 – 33 afhangende van die grootte van die groepe.

SUNRIDGE VILLAGE Centre Managment: 041 360 9442 SUNRIDGE VILLAGE Kragga Kamma Road, Sunridge Park SUNRIDGE VILLAGE GENERATED POWER 24/7

| | | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|
| 10A | 10B | 10C | 10D | 10E | 10F | 10G | 10H |
| K 2 | K 3 | K 4 | K 5 | K 6 | K 7 | K 8 | K 9 |

| | | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|
| 11A | 11B | 11C | 11D | 11E | 11F | 11G | 11H |
| K 26 | K 27 | K 28 | K 29 | K 30 | K 31 | K 32 | K 33 |

Graad 12:
- Graad 12's tree 08:30 voor die skool aan vir die oggendsessie.
- Graad 12's tree 13:30 voor die skool aan vir die middagsessie.
- Alle graad 12's skryf in die SAAL.

B) AFWESIGHEID VAN MEI/JUNIE-EKSAMEN
Ouers, daar kan géén uitsonderings vir énige leerder rakende die eksamen gemaak word nie. Leerders skryf op die dae en datums soos op die eksamenrooster aangedui. Ons kan nie die integriteit van die eksamen in gedrang bring nie.

Ek bring dit net weer onder u aandag: indien 'n leerder tydens die skryf van die eksamen afwesig is, moet 'n mediese sertifikaat/kliniekbrief ingedien word. Indien dit nie gebeur nie, ontvang 'n leerder 0 vir die betrokke vak.

Afsprake vir leerling- en/of lisensie kan nie in die eksamen plaasvind nie.

C) KWARTAALPROGRAM
Aangeheg die tweede kwartaal se kwartaalprogram. Neem kennis dat daar veranderings was. Ons vra om verskoning hiervoor.

D) FAKKELFLITS
Ek moedig u aan om die Fakkelflits deeglik te bestudeer. Hier hou ons u op hoogte van alle gebeure en prestasies. Dit is op Framesby se Facebook-blad beskikbaar.

E) VERANDERING VAN BANK
Neem kennis dat die beheerliggaam besluit het dat HS Framesby van bank verander. Die rekening by Eerste Nasionale Bank sal vir 'n interim tydperk van twee maande oop wees. Ons moedig ouers aan om so gou as moontlik oor te skakel en van ons nuwe bank gebruik te maak. Ons nuwe bankbesonderhede is as volg:



F) VERANDERINGS MET BETREKKING TOT WINTERSKOOL 2024 [GRAAD 11/GRAAD 12]
Ouers, neem kennis dat daar veranderinge met betrekking tot die winterskool-program is. Maak seker dat u die veranderings in u dagboek plaas.

Word aangebied vir alle graad 11 en 12-leerders in die kernvakke, en is verpligtend vir hierdie leerders in die betrokke vakke. Dit is gratis en geskied gedurende die Junie-vakansie.

Tydgleuwe op hierdie dae waarin onderrig sal plaasvind is:
08:00 - 10:00
10:30 - 12:30
13:30 - 15:30

Die datums is as volg:

| | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|
| | **Dinsdag 18 Junie 2024**<br><br>GRAAD 12 LEWENS-WETENSKAPPE<br><br>GRAAD 11 REKENINGKUNDE | **Woensdag 19 Junie 2024**<br><br>GRAAD 12 WISKUNDE /WISKUNDIGE GELETTERDHEID | **Donderdag 20 Junie 2024**<br><br>GRAAD 12 WISKUNDE /WISKUNDIGE GELETTERDHEID | **Vrydag 21 Junie 2024**<br><br>GRAAD 12 REKENINGKUNDE<br><br>GRAAD 11 WISKUNDE | **Saterdag 22 Junie 2024**<br><br>GRAAD 12 REKENINGKUNDE |
| **Maandag 24 Junie 2024**<br><br>GRAAD 12 LANDBOUWETENSKAP | **Dinsdag 25 Junie 2024**<br><br>GRAAD 12 LANDBOUWETENSKAP | | | **Vrydag 28 Junie 2024**<br><br>GRAAD 11 FISIESE WETENSKAPPE | |
| **Maandag 1 Julie 2024**<br><br>GRAAD 11 FISIESE WETENSKAPPE | **Dinsdag 2 Julie 2024**<br><br>GRAAD 12 FISIESE WETENSKAPPE | **Woensdag 3 Julie 2024**<br><br>GRAAD 12 FISIESE WETENSKAPPE | | | |

Ek dank u vir u volgehoue ondersteuning. Soos ek dikwels vir u sê: die toekoms van Hoërskool Framesby is blou en goud! Kom ons werk almal saam om dit so te hou.



MARIUS GERMISHUYS
SKOOLHOOF



SUNRIDGE VILLAGE Centre Managment: 041 360 9442 SUNRIDGE VILLAGE Kragga Kamma Road, Sunridge Park SUNRIDGE VILLAGE GENERATED POWER 24/7

# LANDLOOP

Landloopliga 3 uitslae by DF

DOGTERS
o/14
2e - Karli Louw
3e - Jaydene Tee

o/15
3e - Minke van der Merwe

o/17
1e - Esmeri Oberhauser

SEUNS
o/14
2e - Ben Nothnagel
3e - Christian Theron

o/15
1e - Stefan Boshoff
3e - Cleushey Jansen

o/17
1e - Dallian Oerson
2e - Niël Kruger

Spankompetisie van landloop

SEUNS
o/14 - 1e
o/15 - 1e
o/16 - 1e
o/17 - 1e

DOGTERS
o/14 - 1e
o/15 - 1e
o/16 - 3e
o/17 - 1e

# JUDO

Ben Bekker in graad 8, het OP Judo-klere verwerf waar hy Nelson Mandelabaai verteenwoordig het. Voorspoed in die SA kampioenskappe wat in Julie plaasvind.



SUNRIDGE VILLAGE Centre Managment: 041 360 9442 SUNRIDGE VILLAGE Kragga Kamma Road, Sunridge Park SUNRIDGE VILLAGE GENERATED POWER 24/7

# ONS GESELS MET: SUZETTE ERNST



Matriek 1987

Ek het in die tweede kwartaal van 1983 by die Framesby-familie aangesluit – ingery op ‘n fiets so saam met die Agenbags en ek kan onthou hoe die groot aantal seuns en dogters my amper oorweldig het. Ons het van die Wes-Kaap af verhuis – van ’n kleiner dorp, kleiner skool.

Ek het baie vreemd gevoel en lank gespook om my plekkie te vind, maar ek het aangesluit by die CSV, waar ek goeie vriendinne, by wie ek tuis gevoel het, ontmoet het. Natuurlik was die Wiskunde klasse by juf. Diedericks my gunsteling. En dan sal juf. Smal se woorde tydens die naaldwerkklas, my altyd bybly: “Smaak word gekenmerk deur eenvoud.” Ek onthou hoe die meisies in die Skeinatklas se oë begin skitter het toe ons ’n jong studente meneer as proefonderwyser gehad het. Ek onthou Herr Klingelhoeffer wat moeite gehad het met die drie “Liz”-e in die klas (Lizette, Lizelle en Lizanne). Ek onthou mnr. Kritzinger wat my Susanna genoem het. Ek onthou mnr. Saunders se toffies en “play us a song – you’re the pianoman”! Ek onthou onvoorbereide klastoetse in Biologie... En in Afrikaans: “Marius, moet net nie ’n opstel oor visvang skryf nie!”. Elke dag het sy deeltjie pret gehad;-)

Ek het aan netbal deelgeneem en alhoewel ek ook smiddae saam met my suster, Louisa, gaan draf het, was sý eerder die sportiewe een in die huis. Ek was meer betrokke by die kultuuraktiwiteite. Ek het aan die Landsdienklub behoort, was in die meisiesdrilpeleton en het koor gesing. Akademiese prestasiesertifikate in ’n album is darem ’n bewys dat dit op daardie gebied ook goed gegaan het.

Ek het by Tuks B.Com. Handelsrekenaarwetenskap (wat later as Informatika bekend gestaan het) studeer en aangesien my beursverpligtinge kort na my studie opgeskort is (die maatskappy het ’n herstrukturering

SUNRIDGE VILLAGE
Centre Managment:
041 360 9442
SUNRIDGE VILLAGE
Kragga Kamma Road,
Sunridge Park
SUNRIDGE VILLAGE
GENERATED POWER 24/7

ondergaan), het ek in die weermag (SAGD) beland, waar ek ongeveer 4 jaar gewerk het. Pas nadat ek na die rang kaptein bevorder is, het ek bedank en ’n betrekking by Sasol aanvaar en na Secunda verhuis. Ongelukkig is die afdeling waar ek gewerk het, weer deur ’n herstrukturering en het ek my by die huis bevind. Met die kinders wat toe reeds skoolgaande was, het ek besluit om ’n NGOS te doen en myself as onderwyser te bekwaam. My vakke is Wiskunde en Fisiese Wetenskap vir die hoërskool en dis een van my passies.

Ek het my man, Werner, in my finale jaar by Tuks ontmoet. Hy is ’n chemiese ingenieur. Ons is ouers van vier pragtige kinders – twee dogters en twee seuns. Die “baba” is tans in matriek.
Koorsang is steeds iets waaroor ek gaande is. Ek het lank in ’n dameskoor hier in Secunda gesing en ons het selfs ’n CD opgeneem. Ek het myself leer dwarsfluit speel, speel steeds kitaar en klavier en ook ’n bietjie ukelele en kom so twee maal per maand saam met ander vriende bymekaar om djembe tromme te speel.
Alhoewel ek tans, met uitsondering, min kontak met ou skoolvriende / -vriendinne het, is my herinneringe aan my Framesby-maters kosbaar. Nie almal weet dit nie, maar by elkeen wat my pad gekruis het, onderwysers én maats, het ek iets goeds geleer en ek is dankbaar vir daardie mooi lesse wat my deels help vorm het. Natuurlik behoort my hart aan die Here en as dit een “iets” is wat ek iemand kan aanbeveel, dan is dit ’n diepe verhouding met Hom.

Laastens: “neem al die mooi uit ons roemryk verlede en bou daarop graag ’n eervolle hede.”

Suzette Ernst (NEE Van Zyl)









Centre Managment:
041 360 9442
Kragga Kamma Road,
Sunridge Park
GENERATED POWER 24/7

# FRAMESBY
## OUDSKOLIERE (FOS)

Beste Oudskolier
Ons wil julle graag van gebeure rondom jul alma mater op hoogte hou. Om hierdie rede wil ons graag ons databasis op datum bring en vra dat alle oudskoliere asb. die volgende inligting na **fos@framesby.co.za** sal e-pos:

- NAAM EN VAN :
- NOOIENSVAN:
- ID-NOMMER:
- JAARTAL GEMATRIKULEER:
- ADRES:
- PROVINSIE:
- BEROEP:
- TELEFOON:
- SELFOONNOMMER:
- E-POSADRES:

**U inligting bly hoogs vertroulik.**
**Die rede hoekom ons u ID-nommer benodig, is om te verhoed dat ons duplikate op ons sisteem stoor.**

FRAMESBY-OPVOEDKUNDIGE TRUST

# KLUB 1000/100

## WORD DEEL VAN 'N HOËRSKOOL VAN UITNEMENDHEID

Sluit aan by Framesby se Klub 1000/100 en word deel van 'n skool van uitnemendheid. Na vele navrae van ons alumni is die konsep van dié Klub gebore. Klub 1000/100 gee almal die kans om steeds betrokke te wees by die skool en die blink toekoms daarvan te verseker. Dit maak nie saak of jy nog in Suid-Afrika of oorkant die waters bevind nie. Jy kan 'n bydrae maak!

'n Maandelikse bydrae van R100 kan in die Framesby Opvoedkundige trust gedeponeer word. Hierdie trust word aangewend vir die welstand en vooruitgang van die skool. Die fondse sal deur die Trust bestuur word. Die aanwending van die befondsing sal bepaal word deur die skool en die Trust se komitee. Daar sal elke jaar 'n finansiële verslag deurgegee en geoudit word. Die proses is dus deursugtig en lede kan sien hoe hul skenkings aangewend word.

PROSES OM BY DIE KLUB 1000/100 BETROKKE TE RAAK
1) Laai aansoekvorm van Hoërskool Framesby se webtuiste af.
2) E-pos voltooide vorm na fos@framesby.co.za
3) U naam sal weekliks in die Fakkel-Flitse onder Klub 1000/100 lede verskyn.
4) Hou ons groeiende barometer dop. Dit sal op die voorblad van die Fakkel-Flitse verskyn.

Dankie aan oudleerders, ouers, onderwysers en passievolle ondersteuners vir u bydrae.

SUNRIDGE VILLAGE Centre Managment: 041 360 9442 SUNRIDGE VILLAGE Kragga Kamma Road, Sunridge Park SUNRIDGE VILLAGE GENERATED POWER 24/7

# ADVERTEER BY FRAMESBY

Adverteer jou besigheid.
Ons almal kan doen met 'n goeie reklame.

Hoërskool Framesby bied verskillende advertensiespasie vir jou besigheid om meer voete te waarborg. Maak gebruik van hierdie unieke en effektiewe geleentheid om jou besigheid, produk of diens te bemark.

Hoërskool Framesby se 2024-wedstryde sal oorheersend tuis plaasvind dus sal u maatskappy baie blootstelling kry.

Dit sal vir Hoërskool Framesby 'n voorreg wees indien u maatskappy met die topskool in die Oos-Kaap wil assosieer.

Raak deel van ons Framesby-advertensiefamilie.
Kontak Hoërskool Framesby vandag!

Yolandi Fourie
Trustbeampte
fos@framesby.co.za
041 360 1257

FRAMESBY-OPVOEDKUNDIGE TRUST

# KLUB 1000/100 *lede*

## *Oudskolier*

Mornay Heunis
Chris Knoetze *(matriek 1988)*
Rinaldo Loftie-Eaton *(matriek 2000)*
Keagan Tait
*Ernst Stapelberg (matriek 2013)*
Pienaar Agenbag *(matriek 1988)*
Bernard McDonald *(matriek 2016)*
Jacqueline van Heerden *(matriek 1997)*
Louis Gerber *(matriek 1996)*
*Rudi Gerber (matriek 1986)*
*Anelle Bailey (matriek 1994)*
*Ryno Lingerfelder (matriek 1999)*
*Juanita Jacobs (matriek 2012)*

## *Ouers, Oudouers / Beheerliggaam*

Mariaan Botha (ouer)
Karl du Preez (oudouer)
Anél Ferreira (ouer)
Niel Louw (ouer)
Petra Gouws (ouer)
Wynand Wessels (ouer)
Sonia Gunn (ouer)
Werner Edwin Olivier (ouer)
Masunet Strydom (ouer)
Dirk Kotze (ouer)
Lynette Stumke (ouer)
Hugo Maritz (ouer)
Pietie Ferreira (ouer)
Rayno vd Merwe (ouer)
Eugene de Lange (oudouer)
Henry Benn (ouer)
Yolande Gouws
Johan le Grange (ouer)

## *Personeel / Oudpersoneel*

Marius Germishuys *(skoolhoof)*

**Alle lede sal in die derde kwartaal 'n gratis unieke Klub 1000/100 hoed ontvang.**


**Dié versamelstuk kan Saterdae tydens ons sportdae gedra word en beteken dus dat jy gratis toegang sal hê.**

**Die hoedjies sal in Junie afgelewer word.**

Vorms op ons webtuiste beskikbaar!

FRAMESBY-OPVOEDKUNDIGE TRUST

# KLUB 1000/100 *barometer*



# Skoolkouse

**R80**




DIE
HANGER

# DIE VOLGENDE ITEMS MOET BY DIE HANGER AFGEHAAL WORD:

## NAAMBALKIES

| |
|---|
| CAITLYN BIGGE |
| JOHN BIGGE |
| |
| MILAN BOSCH |
| ETHAN BAIN |
| SKYE-LEIGH BOTHA |
| JUANE BOTHA |
| SONICA BESTER |
| TRISTAN BROWN |
| LUKA BESSINGER |
| AUSTIN BENECKE |
| AMOREE J CASTELYN |
| JOHN-HENRY CAWOOD |
| JUANE DEYSEL |
| JULIAN DE LANGE |
| LEANE DU PREEZ |
| TAINE DOUW |
| NATHAN DEYSEL |
| ESMARI DU PLESSIS |
| STEPHAN DOLPHIN |
| ANDRECIA FOUCHE |
| ESTIAN FOUCHE |
| REUBEN FOURIE |
| JANCO FABER |
| NATHAN HARDING |
| MIANE HURTER |
| CAITLYN HARDING |
| JOSHUA LATHAM |
| ANIEKE LIEBENBERG |
| JORDAN KAPP |
| NICAELA KICHENBRAND |
| SASKIA KLEINHANS |
| JOSHUA KRUGER |
| ZAC JOHNSTONE |
| TIFFANY MAARMAN |
| KYLE PIETERSE |
| JOSH POTGIETER |
| KYLE ROUSSEAW |
| BRENDAN SHAUN ROODT |
| DANIKA MARAIS |
| HANNAH MOMBERG |
| TASHKE MOORE |
| LANGE SMAILE |
| LOWELLE DA SERRA |
| MIECKE SMIT |
| LIAN STRYDOM |

Vir enige navrae:

Charnelle
charnelle@diehanger.co.za
082 342 8113

Katrien
072 407 0670

DIE HANGER



Kodak Eglings Profoto
Shop 20, Sunridge Village Shopping Centre
info@eglingsprofoto.co.za • 041 360 4436
3 Piece
Canvas Combo
Special
3x A4
R349
3x A3
R449
3x A2
R699
3x A1
R999
3x A0
R1699
Kodak Express
Digital Solutions
Eglings
ProFoto